


## IN DIE HANDE VAN DIE POTTEBAKKER

📖 Jeremia 18:6, *"O huis van Israel, kan Ek nie met julle doen soos hierdie pottebakker nie? sê die Here. Kyk, soos die klei in die hand van die pottebakker, so is julle in My hand."*

Daar kom seisoene in 'n mens se lewe wanneer God se handewerk nie soos 'n sagte bries voel nie, maar soos 'n skerp beitel wat sny en vorm. Die klei roep uit, *"Eina, dit maak seer!"* maar die Pottebakker hou nie op nie. Sy hande is ferm dog sag, want Hy sien wat die klei nog nie verstaan nie. Elke druk is doelbewus, elke draai van die wiel is bedoel om ons te sentreer rondom Sy wil.

En dan kom die oond. Die klei bewe en fluister deur trane, *"Moet ek regtig deur hierdie hitte gaan, Here?"* Maar die Pottebakker weet presies wat Hy doen. Die vuur is nie Sy toorn nie, dit is Sy liefde wat suiwer. Sonder die oond sou die klei nooit sterk genoeg wees om die skat te dra wat Hy wil uitstort nie. Sy oë wyk nie vir 'n oomblik van die oond nie. Hy weet wanneer om die deur oop te maak, wanneer om die hitte af te draai en wanneer om te sê, *"Nou is dit reg."*

Maar dikwels, net wanneer ons dink die proses is voltooi, begin Hy weer. 'n Bietjie kleur hier, 'n fyn polering daar en dan terug oond toe. Dit voel eindeloos, maar elke fase bring groter skoonheid, meer krag, en 'n dieper doel. Die klei, wat vroeër gebewe het, begin verstaan: Die pyn is nie 'n straf nie, dit is voorbereiding. En wanneer die Pottebakker fluister, *"Dís waarna Ek gesoek het,"* is dit nie lyding wat Hy begeer nie, maar oorgawe.

Die doel van die vuur is nie vernietiging nie, maar transformasie. Die Pottebakker vorm nie 'n breekbare ornament wat van 'n afstand bewonder moet word nie. Hy vorm 'n houer sterk genoeg om Sy heerlikheid te dra en Sy liefde uit te giet in 'n gebroke wêreld.

💭 **Nadenke:** Vertrou ek die Pottebakker selfs wanneer die hitte ondraaglik voel? Sien ek Sy vorming as wreedheid, of as barmhartigheid wat my voorberei vir Sy doel?